



SPORT

Impala vs Boksburg die naweek

Rustenburg – Sit solank die biltong bestelling in, want die naweek kom meet twee sterk rugby klubs kragte op die Newrak Impala Rugby klub Rustenburg velde.

Saterdagmiddag, 4 Maart 2017, om 13h00 draf die o/21's uit, daarna die 2de Span (Vikings) om 14h30, gevolg deur die Eerstes wat om 16h00 uitdraf.

“Al drie ons spanne is nog onoorwonne en die spanne wat wen Saterdag van Newrak Impala, sal deurdring na die Assupol semi-finaal,” sê Naas Olivier, Newrak Impala Rugby klub besigheidsbestuurder.

Die hele gemeenskap word hartlik uitgenooi om die spel te kom geniet en ons local ouens te ondersteun.

Enige iemand wat by die klub wil aansluit, is meer as welkom om die welbekende hoofafgrigter, Nico Le Roux, te kontak by 073-177 8299.

Die Newrak Impala Rugby klub se jaarvergadering vind plaas op 27 Maart 2017 om 18h30. Alle geregistreerde lede word uitgenooi om die vergadering by te woon. Skakel Naas Olivier by 082-926 8403 vir meer inligting.



RCC club cyclists excel



Alec Brough, from Rustenburg Cycling Club, won his age category again in the Jacaranda pre-Argus road race held in Pretoria over a distance of 90 km in a time of 2:36.

The second round of the USN MTB Cup took place on Saturday, 25 February 2017, at the Modderfontein Reserve in Gauteng. This hotly contested cup is made up of four events at different venues and caters for the more technically skilled riders of all ages. One of Rustenburg's most talented juniors, Sheldon Kukard from Rustenburg Cycling Club, had another outstanding performance when he came overall 6th in the 30 km race and overall 5th in his age category. Torrential rains the previous week transformed the track into a muddy mess in this famous marshland on the outskirts of Johannesburg. To make Sheldon's achievement even more remarkable is that it took him only 1:13 to complete the course!



Next on the calendar; the Kgaswane Mountain Bike Race presented by Land Rover at the Protea Hotel Hunters Rest on Saturday, 25 March 2017, promises great fun! For more information contact Nico Steenekamp on 083-264 3071 or email him at rustenburg.cycling@gmail.com.



Week 1 Super Rugby



Rebels vs Blues

In Melbourne verniel die Blues die tuisspan met 'n weghol oorwinning van 56-18. Die Blues het weer spel opgelewer soos van ouds. Die Blues speel volgende teen die Chiefs in Hamilton terwyl die Rebels in Wellington teen die Hurricanes gaan uitdraf.



Highlanders vs Chiefs

Die Chiefs klop die Highlanders in Dunedin 24-15 en verdien die wen. Die Highlanders met verskeie All Blacks in hul geledere, kon net nie aan die gang kom nie ou grote. Die Highlanders speel volgende teen Crusaders in Dunedin en die Chiefs teen die Blues in Hamilton.



Reds vs Haaie

Die Haaie se toer doer onder begin rampspoedig in Brisbane want hulle verloor 28-26. Coach Robert du Preez was duidelik nie ingenome met die Haaie se spel nie. Hopelik sal die Haaie beter spel lewer teen die Brumbies in Canberra. Die Reds speel volgende teen die Force in Perth.



Sunwolves vs Hurricanes

Waar is die houtlepel? In Tokio val die Japanese se wietjies weereens af en word 'n rugga les

geleer deur die 2016 kampioene. Die Canes het geen genade betoon nie en druk dertien drieë en wen 83-17. Die Wolfies speel volgende teen die Kings in Singapore. Die Canes draf in Wellington teen die Rebels uit.



Crusaders vs Brumbies

In Christchurch klop die Saders die Brumbies 17-13. Regtig nie 'n goeie game nie maar die Crusaders het al be-kend geraak dat hulle stadig uit die blokke is ou grote. Die Brumbies speel volgende teen die Haaie in Canberra en die Saders draf in Dunedin teen die Highlanders uit.



Waratahs vs Force

Die Waratahs klop die Force in Sydney 19-13, maar dit was 'n goor game ou grote. Die Tahs draf volgende teen die Leeus in JHB uit terwyl die Force teen die Reds in Perth gaan kragte meet.



Cheetahs vs Leeus

Die Leeus moes baie hard werk vir hulle oorwinning in Bloem teen die Blikore en wen naelskraap 28-25. Die ligpunt in hierdie game was die spel van Rohan Janse van Rensburg. Die jong senter het 'n skitterende game gespeel ou grote...alla Danie Gerber! Die Cheetahs speel volgende teen die Bulle in Bloem met die Leeus wat in Jhb teen die

Waratahs gaan uitdraf.



Kings vs Jaguars

Die Argentyne klop die Kings 39-26 in Port Elizabeth. Hopelik sal die Jaguars beter ruggas opdis in vanjaar se superreeks. Die Jaguars speel volgende teen die Stormers in Kaapstad en die Kings speel gasheer vir die narre uit Japan.



Stormers vs Bulle

Eina my ente, daar vreet Bul se kind van die vloer af. Die Stormers se pak voorspelers het 'n duidelike waarskuwing uitgestuur met hulle kliniese skrumwerk ou grote, hulle het die Bulle stuk-kend ge-skrum. Die Stormers wen 37-24 met die jong Jean-Luc du Plessis op losskakel wat 'n uitstekende game vir die wenspan gehad het. Daarenteen het Handrè Pollard nog nie skerp gelyk nie en is op die dag deur du Plessis oorskadu. Die Stormers speel volgende tuis teen die Jaguars met die Bulle wat Bloem toe moet reis om teen die Cheetahs uit te draf.

Nag ou grote...



Send your event listing to news@platinumweekly.co.za ** Free Placement!



PLATINUM EVENT DIARY

EVENT NAME	DATE	VENUE	CONTACT NO	EMAIL / WEBSITE
Soccer Match: Platinum Stars vs Chippa United	3 Mar '17	RTB: Phokeng, Royal Bafokeng Stadium	014-573 4743	info@platinumstars.com
Valentine Gala Dinner	3 Mar '17	RTB: Van Zyl hall	079-332 9280	missrustenburg@live.co.za
Marcato by Die Tarentaal Teater	3 Mar '17	RTB: Die Tarentaal Teater, Oorsaakpad (Rex)	079-341 3420	michele@tarentaalteater.co.za
Impala Rugby vs Boksburg	4 Mar '17	RTB: Newrak Impala Rugby klub (Rtb tuisveld)	073-177 8299	naas.olivier@newrak.co.za
Tainted Souls Rustenburg Mass Ride	4 Mar '17	RTB: Moth Hall (accross Absa), to Oppi Plaas Bar (R24)	084-603 5007	admin@iesconsulting.co.za
CPF Sector 2 community meeting	4 Mar '17	RTB: WA Van Zyl Hall (Kremetart Street)	072-907 0844	public@rustenburgcpf.co.za
Hartklopduette by SAVF Koster Markdag	4 Mar '17	RTB: NWK Koster	073-074 5885	dirk.jvanvuuren@gmail.com
Soccer Match: Platinum Stars vs Golden Arrows	7 Mar '17	RTB: Phokeng, Royal Bafokeng Stadium	014-573 4743	info@platinumstars.com
Osbraai (Bees, skaap & hoender) & vele meer!	10 Mar '17	RTB: Hervormde Kerk Rustenburg-Kloof, Manukalaan 108	083-655 6653	ne.ye@telkomsa.net